



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VISUELE KUNSTE

EKSAMENRIGLYNE

GRAAD 12

2014

Hierdie riglyne bestaan uit 20 bladsye.

INHOUD	Bladsy
HOOFSTUK 1: INLEIDING	3
HOOFSTUK 2: ASSESSERING IN GRAAD 12	4
2.1 Formele Assessering in Graad 12	4
2.2 Eksterne eksamens	4
2.3 Vraestel 1: Visuele Kultuurstudies (Onderwerp 3)	5
2.4 Vraestel 2: Prakties (Onderwerp 1 en 2)	8
2.5 Kognitiewe vlakke	13
HOOFSTUK 3: UITBREIDING VAN DIE INHOUD VIR GRAAD 12 (KABV)	14
HOOFSTUK 4: ALGEMENE VAKINLIGTING	15
4.1 Verduideliking van terminologie	15
4.2 Bronne	16
HOOFSTUK 5: VOORBEELDVRAE EN NASIENRIGLYNE	17
5.1 Inligting oor Vraestel 1	17
5.2 Wenke om Vraestel 1 te beantwoord	17
5.3 Voorbeeldvrae	18
5.4 Nasieningsriglyne	20
HOOFSTUK 6: SLOT	20

HOOFSTUK 1: INLEIDING

Die Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Visuele Kunste beskryf die aard en doel van die vak Visuele Kunste. Dit gee leiding aan die filosofie wat die basis is van die onderrig en assessering van die vak in graad 12.

Die doel van hierdie Eksamenriglyne is om:

- Duidelikheid te gee oor die diepte en omvang van die inhoud wat in die graad 12 Nasionale Seniorsertifikaat (NSS) -eksamen in Visuele Kunste geassesseer gaan word.
- Bystand te verleen aan onderwysers om leerders doelmatig vir die eksamens voor te berei.

Hierdie dokument gee aandag aan die finale graad 12 eksterne eksamens. Dit behandel op geen vlak die Skoolgebaseerde Assessering (SBA), Praktiese Assesseringstake (PAT'e) of finale eksterne praktiese eksamens, wat in 'n aparte PAT-dokument verduidelik word en elke jaar opgedateer word, nie.

Hierdie Eksamenriglyne moet ge lees word saam met:

- *Die Nasionale Kurrikulumstelling (NKS) se Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring (KABV): Visuele Kunste*
- *Die Nasionale Protokol vir Assessering: 'n Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) rakende die Nasionale Protokol vir Assessering (Graad R–12)*
- Nasionale beleid met betrekking tot die program- en promosievereistes van die Nasionale Kurrikulumstelling, Graad R–12

HOOFSTUK 2: ASSESSERING IN GRAAD 12**2.1 Formele Assessering in graad 12**

Formele assessering (25%)	Eksterne eksamen (75%)		
SGA – Gedurende die Jaar	Retrospektiewe Uitstalling	Einde-van-die-jaar-eksamenvraestelle (50%)	
25%	25%	25%	25%
<ul style="list-style-type: none"> • 2 PAT'e: 100 x 2 • 1 teoretietoets: 50 • 2 teorie-eksamens (middel van jaar + proefeksamen): 100 x 2 • 1 proefeksamen-prakties: 100 	Uitstalling/Aanbieding van jaar se werk (PAT'e 1, 2 en proefeksamen-prakties): 100	Geskrewe Eksamen 3 uur Visuele Kultuurstudies: 100	Praktiese Eksamen 24 uur (beraming): 100
<i>Bevorderingspunt: Tel rou punte en totale vir assesseringstake van kwartaal 1 tot kwartaal 3 op en verwerk na 100 + Retrospektiewe Uitstalling (100) + Vraestel 1 (100) + Vraestel 2 (100) = Totaal 400</i>			

Aan die einde van graad 12 sal 'n Visuele Kunste-leerder soos volg nagesien word:

- **SGA punt** – rou punte en totale vir assesseringstake van kwartaal 1 tot kwartaal 3 en verwerk na 100
- **Uitstalling vir die jaar** – 5–6 kunswerke (2 PAT'e, proefeksamen-prakties + 1–2 werke van graad 11) – 100
- **Praktiese Eksamen** – Bronboek en kunswerk, ekstern opgestel en nagesien – 100
- **Teorie-eksamen** – Ekstern opgestel en nagesien – 100

2.2 Eksterne Eksamens

Alle Visuele Kunste-kandidate sal, soos voorgeskryf, twee eksterne vraestelle voltooi:

Vraestel	Tipe vraestel	Duur	Totaal	Datum	Nasien
1	Teorie	3 ure	100	Oktober/November	Ekstern
2	Prakties	Maksimum 24 uur	100	Oktober/November	Ekstern

2.3 VRAESTEL 1: Visuele Kultuurstudies (Onderwerp 3)

- Die geskrewe teorie-eksamen word deur die Departement van Basiese Onderwys opgestel oor die aangewese inhoud deur die jaar onderrig.
- Die tydtoekenning vir hierdie vraestel is 3 uur.
- Die eksamenformaat is soos volg: bestaan uit 8 vrae, die leerder sal vyf [5] kies wat hulle in graad 12 bestudeer het.
- Elke vraag sal 20 punte tel vir 'n totaal van 100 vir die vraestel.
- Vrae sal uit korter en langer opsteltipe vrae bestaan.
- Vrae sal bestaan uit visuele geletterdheid en inhoud wat bestudeer is.
- Die eksamen word ekstern geassesseer en provinsiaal en nasionaal gemodereer.
- Die eksamen word volgens 'n nasionale nasienmemorandum geassesseer.

RIGLYNE:

- Leerders moet 'n minimum van 6 temas uit 8 temas bestudeer.
 - Die stem van opkomende kunstenaars
 - Suid-Afrikaanse kunstenaars wat deur Afrika en/of inheemse kunsvorms beïnvloed was
 - Sosio-politiese kuns – insluitend Weerstandskuns van die '70's en '80's
 - Kuns, kunsvlyt en geestelike werk hoofsaaklik uit landelike Suid-Afrika
 - Multimedia en New media – alternatiewe kontemporêre en populêre kunsvorms in Suid-Afrika
 - Post-1994 demokratiese identiteit in Suid-Afrika
 - Geslagskwessies: manlikheid en vroulikheid
 - Argitektuur in Suid-Afrika
- Die leerders moet vertrouwd en in staat wees om konsepte relevant tot Internasionale en Suid-Afrikaanse kuns te kan toepas. Hulle behoort 'n duidelike gebalanseerde begrip en kennis te hê van tradisionele Internasionale Kunsbewegings en die betekenis van opkomende plaaslike style deur terminologie soos weerstandskuns, propaganda kuns, toe-eiening, die 'afgeskepte tradisie', ensovoorts te gebruik.
- Leerders moet bewus gemaak word van problematiese terminologie, kwessies, aannames en vooroordele met betrekking tot die kuns wat hulle bestudeer.
- Ten minste twee kunstenaars (of argitekte) moet in elke tema bestudeer word met 'n minimum van twee werke deur elk van die kunstenaars (of argitekte).
- Die eksamenpaneel het kennis geneem van die groot verskeidenheid bronne beskikbaar deur breë vrae op te stel waarin leerders kan kies en hul kennis benut op 'n relevante wyse, hul interpretasies en menings kan regverdig of probleme oplos deur middel van toegepaste kennis en kenniskonstruksie.
- Visuele Geletterdheid is onderliggend aan die studie van al die temas; daarom moet die studie van spesifieke kunswerke gebruik word om die geskiedkundige, politiese, sosiale en/of ekonomiese agtergrond van beskawings/style/bewegings en individuele kunstenaars te verduidelik.
- Met die studie van kunswerke, moet die klem op die volgende geplaas word:
 - Visuele geletterdheidsterminologie – hoe kunselemente help om betekenis en boodskap te kommunikeer
 - Materiale en tegnieke

- Verskillende style, soos naturalisme, ekspressionisme, abstraksie, stilering, ensovoorts
- Funksie van die werk
- Kontekstuele faktore
- Idees, betekenis en boodskap
- Leerders behoort aan alle kunsvorms blootgestel word, soos tweedimensionele kuns (skilder, teken, drukwerk, ens.), driedimensionele kuns (beeldhouwerk, ens.), argitektuur en toegepaste kuns/kunsvlyt (funksionele objekte in 'n skone kunste konteks).
- Alhoewel spesifieke kunswerke in diepte in elke tema bestudeer moet word, behoort leerders aan 'n wye reeks voorbeelde van elke tema blootgestel te word om kuns as visuele kommunikasie te illustreer.
- Aangesien die fokus hoofsaaklik op Suid-Afrikaanse kuns in graad 12 is, moet onderwysers, waar moontlik, temas in verband bring met die leerders se gemeenskap.

Assessering van leerders se vermoë om voorbeelde van visuele kultuur te ontleed en daarop te reageer

PRESTASIE-KODE	ONDERWERP 4: VISUELE KULTUURSTUDIES	✓
7 Uitstekend 80–100%	<p>Demonstreer uitstekende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.</p> <p>Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.</p> <p>Demonstreer uitstekend ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.</p> <p>Toon buitengewone insig en begrip en gebruik uiteenlopende benaderings.</p>	
6 Verdienstelik 70–79%	<p>Demonstreer 'n goed ontwikkelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.</p> <p>Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.</p> <p>Demonstreer hoogs ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.</p> <p>Toon uitstekende insig en begrip.</p>	
5 Substansieel 60–69%	<p>Demonstreer substansiële vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.</p> <p>Toon substansiële vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.</p> <p>Demonstreer goed ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.</p> <p>Toon 'n goeie vlak van insig en begrip.</p>	
4 Gemiddeld 50–59%	<p>Demonstreer gemiddelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.</p> <p>Toon gemiddelde vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.</p> <p>Demonstreer bedrewe skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.</p> <p>Toon 'n redelik goeie vlak van insig en begrip.</p>	
3 Bevredigend 40–49%	<p>Demonstreer bevredigende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.</p> <p>Toon bevredigende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.</p> <p>Demonstreer bevredigende skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.</p> <p>Toon 'n bevredigende vlak van insig en begrip.</p>	
2 Elementêr 30–39%	<p>Demonstreer slegs 'n basiese vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.</p> <p>Toon beperkte vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.</p> <p>Demonstreer basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.</p> <p>Toon 'n elementêre vlak van insig en begrip.</p>	
1 Nie behaal nie 0–29%	<p>Demonstreer min of geen vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.</p> <p>Toon uiters beperkte vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.</p> <p>Demonstreer beperkte skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.</p> <p>Toon min of geen begrip of insig nie.</p>	

2.4 VRAESTEL 2: Praktiese Eksamen (Onderwerp 1 en 2)

Die eksamenvraestel bestaan uit **ONDERWERP 1** (Bronboek/Werkboek) en **ONDERWERP 2** (die Kunswerk).

TYD: Maksimum 24 uur

- **Onderwerp 1:** Konseptualisering by die skool en/of tuis gedurende die derde kwartaal.
- **Onderwerp 2:** Finale kunswerk onder gekontroleerde toestande slegs by skool vir 'n maksimum van 24 uur.

UITDEELDATUM: Sal deur DBO bepaal word.

INLEWERDATUM: Sal deur DBO bepaal word

- Die praktiese eksamen word opgestel deur die Departement van Basiese Onderwys.
- **LET WEL:** Die maksimum duur vir die hele praktiese eksamenproses sal aangedui word op die Nasionale Praktiese Vraestel 2. Provinsies sal al die reëlings tref nadat hulle die finale eksamenrooster van die Departement van Basiese Onderwys ontvang het. Dit beteken die kommunikasie met onderwysers, die plekke, die eksaminators en enigiets anders wat gedoen moet word in die bestuur van die praktiese eksamen vir graad 12.
- Die tema sal 'n wye en oop tema wees om voorsiening te maak vir diverse oplossings in die verskillende spesialisasie dissiplines.
- Gespesialiseerde opsies sluit in: tekening, skildery, beeldhouwerk, drukkuns, multimedia- werk, fotografie, keramiekwerk, installasies, nuwe mediawerk, fotografie, ensovoorts
- Aangesien Onderwerp 1 (Konseptualisering) dieselfde gewig as Onderwerp 2 (Die kunswerk) het, moet genoegsame tyd daaraan bestee word om die belangrikheid daarvan te erken.
- Die onderwyser kan betrokke wees by die voorafgaande voorbereidingsessie. As gevolg van die voorbereidende aard van Onderwerp 1, word leerders toegelaat om ook by die huis te werk
- Alle Onderwerp 1-werk moet voltooi en gereed wees voor die aanvang van die Onderwerp 2-eksamenwerk. Leerders mag die Onderwerp 1 bronboek gebruik as verwysingspunt tydens hul Onderwerp 2-eksamen. Beide Onderwerp 1- en Onderwerp 2-eksamenwerk moet onmiddellik nadat die Onderwerp 2-eksamen voltooi is, by die eksamenbeampte/onderwyser ingelewer word. Hierdie datum sal deur 'n amptelike brief van elke provinsie bepaal word.
- Die onderwyser **MAG NIE** die kandidaat **OP ENIGE WYSE** help tydens die finale produksie van die kunswerk (Onderwerp 2) nie.
- Onderwerp 2 moet op 'n deurlopende basis tydens kontaktyd gedoen word, bv. tydens vier opeenvolgende dae van ses uur elk. Die keuse van eksamentyd indeling of opsies moet binne elke skool onderhandel word.
- Onderwerp 2 moet gedoen word by die leerder se eksamensentrum of 'n geregistreerde kunssentrum, onder die toesig van die onderwyser. Onderwerp 2-werk mag **NIE** tuis gedoen word en mag **NIE** die eksamenlokaal verlaat **NIE**.
- Elke provinsie sal die proses betrokke by die nasien van die Onderwerp 1 (bronboek/konseptualisering) en Onderwerp 2 (finale kunswerk) bepaal. Skole sal deur die provinsies rakende datum, tyd en plek in kennis gestel word vir die voorlegging van werk aan eksamensentrums, waar van toepassing.

- Leerders se werk is nie beperk ten opsigte van grootte nie, maar dit moet ten minste 12 uur en nie meer as 24 uur se werk verteenwoordig nie. Hou asseblief by die puntetoekenning wanneer nasien word.
- Die finale kuns praktiese eksamen vir graad 12 verteenwoordig die hoogtepunt van leerders se kunsstudies deur die jaar.

RIGLYNE

ONDERWERP 1: Bronboek/Werkboek

- Dit moet gedurende kwartaal 3 by die skool en tuis voltooi word.
- Die onderwyser moet die vraestel bekend stel.
- Die onderwyser kan die leerders in hul keuse van onderwerp, media en tegnieke in Onderwerp 2 lei volgens die spesifieke konteks van die skool.
- Die onderwyser moet leerders aanmoedig om so veel moontlike verskillende interpretasies te ondersoek. Moniteer en lei leerders soos hulle die tema navors.
- Die bronboek bied insig in die manier waarop leerders idees gevorm het, hoeveel alternatiewe hulle ondersoek het en ander prosesse wat tot die finale werk gelei het. Die bronboek moet alle denkproesse in die kunswerk duidelik kommunikeer.
- Daar is geen beperkings op grootte nie en dit kan in enige vorm aangebied word.
- Dit is belangrik om alle direkte kopiëring uit tydskrifte, die Internet, ensovoorts te verban. Direkte kopiëring van 'n visuele beeld wat nie die leerder se eie is nie, sal gepenaliseer word. Dit is 'n vorm van plagiaat en is onaanvaarbaar.
- Groot klem word geplaas op die proses van transformasie van die bronmateriaal. Leerders kan egter ontleende beelde uit tydskrifte en ander bronne gebruik om hul eie interpretasies te skep.
- Daar moet 'n duidelike verband tussen die finale kunswerk en die visuele/geskrewe inligting in die bronboek wees.
- Klem behoort geplaas te word op voorbereidende sketse, tekeninge, eksperimentering van tegnieke en materiaal wat in die finale werk gebruik gaan word.
- In die bronboek moet die leerder VISUEEL 'die storie' van hoe die kunswerk BEPLAN, ONTWIKKEL en VERVAARDIG is, vertel. Dit behoort deur tekeninge, geskrewe gedeeltes, eksperimentering, ensovoorts gedoen te word.
- Die bronboek moet die individualiteit en kreatiwiteit weerspieël.

Die volgende is 'n riglyn van dinge wat in die bronboek ingesluit kan word:

Plak die eksamenopdrag voor in jou eksamenbronboek.
Voorstel/Rasionaal, wat breinkaarte, dinkskrum, ensovoorts kan insluit.
Ondersoek, eksperimentering en navorsing van benaderings en/of idees, wat bronmateriaal soos sketse kan insluit. Tekeninge, foto's, visuele beelde, versamelde gedigte, lirieke en navorsing oor kunstenaars wat geïnspireer het. Alle materiaal moet verband hou met die ontwikkeling van die finale kunswerk en besluite motiveer.
Verpersoonlik en skep oorspronklike voorbereidende/komposisionele sketse en tekeninge gebaseer op bronne.
Prosestekeninge
As die werk meer prosesgeoriënteerde is, moet leerders bewyse van die kreatiewe proses insluit deur middel van dokumentasie deur oorspronklike foto's, eksperimente en/of tekeninge en gepaardgaande tekste.

ONDERWERP 2: Kunswerk

- Die eksamenwerk moet in die teenwoordigheid van die Visuele Kunste-onderwyser in die kunsklas voltooi word.
- Al die materiaal wat nodig is vir die eksamen moet na die eksamenlokaal gebring word, maar GEEN eksamenwerk mag uit die klaskamer geneem word nie. Dit word as 'n eksamenonreëlmatigheid beskou.
- Leerders mag die vraestel voor die begin van die eksamen met die Visuele Kunste-onderwyser bespreek, maar geen bespreking van werk mag tydens die eksamenperiode plaasvind nie.
- Daar word van die leerders verwag om EEN kunswerk te produseer in die praktiese dissipline wat hulle vir die jaar gekies het.
- Hulle finale kunswerk kan aangebied word as 'n enkele stuk of moontlik in die vorm van 'n diptiek, triptiek of 'n reeks werke wat as een kunswerk gelees kan word.
- Daar is geen beperkings op grootte nie, maar die kunswerk moet beheerbaar en duursaam wees in terme van vervoer na die eksamensentrum, indien die provinsie dit vereis.
- Laat 'n verskeidenheid van media, tegnieke, dissiplines en benaderings toe.
- Die leerders moet 'n gevorderde graad van tegniese vaardigheid demonstreer in die gebruik van materiale en tegnieke gekies.
- Daar is geen spesifieke voorskrifte ten opsigte van die styl van die werk nie. Die leerder kan in naturalisme, ekspressionisme, dekoratief, ensovoorts werk.
- Leerders mag ook ander media inkorporeer om gemengde media werk in enige van die praktiese dissiplines te skep.
- Kunswerke wat die skool verlaat, die kunsklas/skool vir gietwerk, bak van beelde, digitale druk van foto's, ensovoorts, moet noukeurig gemonitor word deur die kunsonderwyser en uit en in geteken word wanneer die kunswerk terug is in die kunsklas.
- Onthou die belangrikheid van die elemente en beginsels van kuns soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, proporsie en komposisie.
- Kreatiwiteit en individualiteit moet beklemtoon word. Die kunswerk moet 'n uitdrukking van die leerder se belange/idees op die vlak van 'n 18/19-jaar-oue leerder wees.
- 'n Suksesvolle kunswerk is 'n kombinasie van die konsep en uitvoering daarvan. Pasop vir illustratiewe werk. Klem moet gelê word op die estetiese kwaliteite, 'varsheid 'en energie van die kunswerk.
- In alle digitale/multimedia/nuwe media werk, moet konsepontwikkeling en realisering 'n belangrike rol speel. Wanneer nagesien word, moet bewyse van die kandidaat se denkprosesse wat tot die finale uitvoering van die konsep gelei het, visueel sigbaar wees.

ASSESSERINGSKRITERIA

Die volgende kriteria kan as 'n riglyn gebruik word wanneer nagesien word.

ONDERWERP 1: BRONBOEK/WERKBOEK

KRITERIA	
Konseptontwikkeling	10
Navorsing, ondersoek, eksperimentering	15
Prosestekeninge	15
Aanbieding, geheelindruk	10
TOTAAL	50

ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK/PRAKTIES

KRITERIA	
Keuse en gebruik van materiale/tegnieke	10
Gebruik van formele kunselemente	10
Geheelindruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering	10
Interpretasie en praktiese toepassing van navorsing	10
Voltooiing en aanbieding van kunswerk	10
TOTAAL	50
GEKOMBINEERDE TOTAAL VAN ONDERWERP 1 EN ONDERWERP 2	100

ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK

Uitstaande	90–100	Buitengewone vermoë; rykheid; insiggewend, vlot, hoë vaardigheid; waarneming en kennis sterk uitgedruk; ondersteun deur 'n <u>oorspronklike</u> of <u>ongewone</u> keuse van relevante visuele verwysings. <u>Uitstaande en oorspronklike aanbieding.</u>
Uitstekend	80–89	Treffende impak; meeste van bogenoemde; gedetailleerd; goed georganiseerd en samehangend, afgerond; vaardigheid duidelik; ondersteun deur oorspronklike/ongewone/relevante visuele verwysings; aanbieding oorspronklik. <u>'n Paar geringe foute sigbaar.</u>
Baie goed	70–79	Goed georganiseerd, soos hierbo, maar ontbreek aan 'sprankel'; goeie vlak van bevoegdheid en keuse van inhoud; ondersteun deur 'n goeie keuse van relevante visuele verwysings; duidelike sorg en moeite met oorspronklike aanbieding gedoen. <u>'n Paar voor die hand liggende teenstrydighede/ tekortkominge.</u>
Goed	60–69	Interessante visuele aanbieding; duidelike doelstelling; oorredend; eenvoudige direkte gebruik van medium; toon begrip maar neig met tye na 'n alledaagse en stereotipiese reaksie; voldoende keuse van relevante visuele verwysings; redelike moeite met aanbieding gedoen. <u>Steurende/Voor die hand liggende teenstrydighede.</u>
Gemiddeld	50–59	Voldoende; voel meganies; afgelei of gekopieer; min insig; verbeeldingloos; 'n paar visuele verwysings nie altyd duidelik geïdentifiseer nie; billike aanbieding. <u>Baie steurende teenstrydighede.</u>
Onder-gemiddeld	40–49	Genoeg materiaal/werk om te slaag; nie logies saamgevat nie; 'n paar flitse van insig; beperkte keuse van inligting; swak tegniese vaardighede kan hiertoe bydra; min gebruik van visuele inligting; lomp of nalatige aanbieding. <u>Benodig ondersteuning/motivering om te slag.</u>
Swak	30–39	Visueel oninteressant; onkreatief; beperkte/swak tegniese vaardighede gebruik; min poging aangewend om inligting op 'n aanvaarbare wyse aan te bied; min of geen visuele inligting/verwysings nie; algemene gebrek aan toewyding. <u>Benodig ondersteuning/motivering om te slag.</u>
Baie swak Druip	20–29	Baie min inligting; onsamehangend; nie maklik om na te kyk nie; <u>weinig of irrelevant werk/visuele inligting</u> ; geen moeite gedoen om werk op 'n aanvaarbare manier aan te bied nie; algemene gebrek aan toewyding/samewerking. <u>Onaanvaarbaar.</u>
Onaanvaarbaar Druip	00–19	Onsamehangend; <u>irrelevant, baie min of geen werk</u> ; gebrek aan selfs beperkte vaardighede; geen toewyding/samewerking.

2.5 Kognitiewe vlakke

- Alle toetse en eksamens moet die volgende reeks kognitiewe vlakke toelaat. Vrae sal dan verskillende grade van uitdaging bied – maklik, medium en moeilik.
- Aangesien leerders 'n keuse van vrae in die proefeksamen en finale eksamen sal hê, moet elke vraag aan die reeks kognitiewe vlakke voldoen.

Kognitiewe vlakke	Persentasie
Laer orde: kennis	30
Middel-orde: begrip en toepassing	40
Hoër orde: analise, evaluasie en sintese	30

Verduideliking van kognitiewe vlakke: Bloom se Taksonomie

KENNIS	BEGRIP	TOEPASSING
vertel, lys, skryf, vind, beskryf, noem, spoor op, ensovoorts	verduidelik, interpreteer, te bespreek, onderskei, beskryf, ensovoorts	los op, wys, gebruik, illustreer, klassifiseer, konstrueer, ondersoek, ensovoorts
ANALISE	SINTESE	EVALUASIE
ontleed, vergelyk, ondersoek, organiseer, identifiseer, verduidelik, ensovoorts	skep, bedink, beplan, voorspel, ontwerp, stel voor, formuleer, ensovoorts	evalueer, besluit, regverdig, debatteer, beveel aan, prioritiseer, argumenteer, ensovoorts

Bloom se Hersiene Taksonomie

BLOOM SE TAKSONOMIE	BLOOM SE HERSIENE TAKSONOMIE
Evaluasie – Hoër orde	Skep – Hoër orde
Sintese – Hoër orde	Evalueer – Hoër orde
Analise – Middel-orde	Analiseer – Middel-orde
Toepassing – Middel-orde	Toe te pas – Middel-orde
Begrip – Middel-orde	Begryp – Middel-orde
Kennis – Laer orde	Onthou – Laer orde

Interne opgestelde toetse en eksamens

- 'n Toets vir formele assessering moenie uit 'n reeks klein toetse bestaan nie, maar moet 'n aansienlike hoeveelheid inhoud dek en 45 tot 60 minute duur.
- Oop-boektoetse vereis van die leerders om inligting te vind. Leerders word op begrip van die materiaal getoets en nie net om die feite oor te skryf nie. Oopboektoetse moet nie net kortvrae insluit nie. Daar word van leerders verwag om langer, reflektiewe antwoorde te skryf, soos paragraaf-tipe antwoorde na aanleiding van 'n gegewe scenario. Paragraawe voorsien redes en ondersteunende bewyse/argumente is noodsaaklik.
- Elke toets, oopboektoets en eksamen moet 'n reeks kognitiewe vlakke toelaat en moet ook paragraaf-tipe antwoorde insluit.
- Vrae behoort ongesiene visuele beelde in te sluit om leerders se visuele analitiese vaardighede te toets. Hierdie beelde moet verband hou met die leerders se studietema, bv. tematies of stilisties, asook met werke/bewegings wat hulle bestudeer het.

HOOFSTUK 3: UITBREIDING VAN DIE INHOUD VIR GRAAD 12 (KABV)

Onderwerp 1: Konseptualisering deur middel van die ontwikkeling en verwesenliking van kreatiewe idees	
12	<p>Ontwikkelingsproses:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verskillende benaderings onafhanklik toepas om idees met die formulering van 'n projekopdrag te ontwikkel • Krities betrokke by eie ondervinding van die wêreld te wees deur middel van ontdekking, manipulasie en interpretasie van tekens en simbole vanuit die breër visuele kultuur <p>Verwesening van 'n konsep:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Reeks visuele en konseptuele probleme onafhanklik oplos, en in die rigting van 'n persoonlike visuele taal te werk • Die proses van konseptuele ontwikkeling te dokumenteer en krities te evalueer
Onderwerp 2: Die maak van kreatiewe kunswerke, hantering van die proses en aanbieding volg; veilige praktyk	
12	<p>Maak van kunswerke:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die materiaal, gereedskap, tegnieke, temas en prosesse kies wat die geskikste is vir die gekose kuns- of kunsvlytvorm • 'n Gevorderde graad van tegniese vaardigheid in, en kennis oor, 'n reeks materiale, tegnieke, prosesse en toerusting demonstreer wat die geskikste is vir die gekose kuns- of kunsvlytvorm • Eie kreatiewe proses en kunswerk dokumenteer en evalueer, deur werk te kies wat die beste in die portefeulje sal inpas • Kunswerke moet van toepassing wees op die opdrag • Visuele beelde te skep en te transformeer, deur nuwe en tradisionele tegnologie te gebruik <p>Bestuur/hantering:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Samehangende werk skep wat konkrete bewyse van die konseptualiseringsproses en maak van die produk gee • Spesifieke take en projekte binne 'n spesifieke tyd, ruimte en hulpmiddelbeperkings beplan, hanteer en voltooi <p>Aanbieding:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Eie werk op 'n manier vertoon, uitstal of aanbied, wat die ekspressiewe en konseptuele impak versterk en komplementeer <p>Veilige Praktyk:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die veilige gebruik van toerusting, materiale en tegnologie binne 'n groepwerkkonteks demonstreer en bevorder
Onderwerp 3: Visuele kultuurstudies: klem op visuele geletterdheid	
12	<p>(Ten minste ses van AGT voorgeskrewe temas)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Geskrewe kritiese analise en navorsingsvaardighede in die studie van kuns binne geskiedkundige en kulturele kontekste vanuit vele bronne demonstreer • 'n Begrip van die geskiedkundige konteks en stilistiese evolusie van 'n versameling van skone kunste, toegepaste kuns- en kunsvlytvorms demonstreer • Geleentheid wat die verhouding beskryf tussen kennis en vaardighede soos geleer in Visuele Kunste en post-VOO-onderrig onafhanklik na te vors • Uitstappie om loopbaan- en tersiêre geleentheid in Visuele Kunste te ondersoek • Toepaslike terminologie wat verband hou met alle areas van kunsteorie gebruik om kunswerke, kunsvlyt en toegepaste kunsvorms, verbaal en skriftelik, te beskryf en te bespreek. • Die doeltreffendheid van eie en ander se navorsing, kreatiewe prosesse en kunsprojekte te evalueer

HOOFSTUK 4: ALGEMENE VAKINLIGTING

4.1 Verduideliking van terminologie

Visuele geletterdheid: Die eerste vlak van visuele geletterdheid is eenvoudige **kennis**: basiese identifikasie van die onderwerp of elemente in kunswerke. Alhoewel akkurate inligting belangrik is, is die **verstaan** van wat ons sien en die **begrip** van visuele verhoudings, egter net so belangrik. Hierdie hoër vlak van visuele geletterdheidsvaardighede vereis kritiese denke.

Formele analise: 'n Gedetailleerde en logiese bespreking van die formele elemente, soos byvoorbeeld lyn, kleur, komposisie, ensovoorts in 'n kunswerk.

Visuele analise: Dit is 'n formele analise, maar sluit ook in: styl, tegniek, kontekstuele invloede, betekenis en interpretasie.

Die volgende is 'n paar van die sleutelkonsepte wat leerders in kunswerke aan die einde van graad 10 moet verstaan, identifiseer en verduidelik:

- **Formele elemente van kuns:**
 - Lyn (verskillende kwaliteite van lyn, kontoerlyne, ensovoorts)
 - Twee- en driedimensionele vorm (positiewe en negatiewe vorm, organies en anorganies)
 - Tonale waardes (chiaroscuro)
 - Tekstuur (geïmpliseerde en tasbare teksture)
 - Kleur (kleurteorie, bv. primêre, sekondêre, komplementêre, tersiêre, monochromaties, koel en warm kleure en hul invloed op 'n kunswerk)
 - Ruimte (lyn- en lugperspektief)
 - Patroon
- **Beginsels van ontwerp** (soos eenheid, ritme, beweging, proporsie, klem, kontras, ensovoorts)
- **Komposisie en fokuspunt**
- **Verskillende media van kunswerke** (olieverfskilderye, marmerbeeldhouwerke, etse, ensovoorts)
- **Tegnieke** (bv. ingewerkte areas of definitiewe kwashale in 'n skildery, kerwing of modellering in 'n beeld, ensovoorts)
- **Style** (soos naturalisme, ekspressionisme, gestileerdheid, simbolisme, abstrak, ensovoorts.)
- Frontaliteit, verwringing, vereenvoudiging, ensovoorts.
- Begrip van konsepte/idees soos Westerse Kuns, Nie-Westerse Kuns, Inheemse kuns, Modernisme, Postmodernisme, funksionalisme, propaganda kuns, toe-eiening, ensovoorts.
- Konsepte/idees/ideologieë wat spesifiek verband hou met Suid-Afrikaanse geskiedenis en kuns soos apartheid, weerstandskuns, die 'afgeskepte tradisie', ensovoorts.

(Raadpleeg woordelys in die goedgekeurde handboek en/of kunsboeke vir verduidelikings.)

4.2 Bronne

Goedgekeurde handboek deur die Departement van Basiese Onderwys

- *Visuele Kunste Graad 12 Leerderboek*. Future Managers.

Vir 'n omvattende lys relevante boeke en webwerwe, raadpleeg die Visuele Kunste-KABV-dokument.

Ander bronne

- Die inhoud in Graad 12 Visuele Kunste (Onderwerp 3) fokus op Suid-Afrikaanse kuns. Onderwysers moet bedag wees op uitstallings van gevestigde en opkomende kunstenaars by kunsmuseums en -galerye. Daar is dikwels boeke oor spesifieke kunstenaars en/of brosjures beskikbaar by hierdie uitstallings wat waardevolle hulpbronne vir onderrig is. Versamel ook resensies en artikels oor Suid-Afrikaanse kuns uit koerante en tydskrifte. *Art Suid-Afrika* en *Art Times* is twee gespesialiseerde tydskrifte oor Suid-Afrikaanse kuns.
- Gereelde, volgehoue besoeke aan en besprekings oor kontemporêre uitstallings word sterk aanbeveel. Dit is belangrik dat die leerder kunswerke eerstehands ervaar en leerders behoort ten minste een plaaslike uitstalling te besoek tydens die jaar.
- Die klem moet op die visuele beelde wees om die interaksie tussen kuns en die gemeenskap uit te wys. Die vertoning van visuele beelde in die vorm van skyfies, PowerPoint-aanbiedings, groot fotostate, DVD's, ens, is noodsaaklik, en leerders moet betrokke raak by hierdie beelde in die klas.
- Die klem op Visuele Geletterdheid maak dit 'n dinamiese en interaktiewe vak. Leerders moet gelei word om aktief deel te neem deur middel van ondervraging, besprekings, debatte, speletjies en ander interaktiewe aktiwiteite. Gebruik Visuele Geletterdheid om leerders se praktiese werk te versterk.
- Gee leerders baie geleenthede om oor kuns te skryf, hul skryfvaardighede te ontwikkel en kunsterminologie te gebruik. Dit hoef nie lang navorsingsopstelle te wees nie, maar kan korter, meer gereelde take wees (bv. verslag oor die kunswerke gesien by 'n uitstalling, 'n visuele analise van 'n ongesiene kunswerk(e), eie kunswerke van leerders om 'n kwessie of tema te illustreer, werksvelle, maak van flietskaarte, ensovoorts)
- Moedig leerders aan om kunsuitstallings en galerye te besoek, resensies van uitstallings te lees en te versamel, lees van en kyk deur kunsboeke en navorsing te doen op die internet.
- Onderwysers moet hul eie versameling projekopdragte, naslaanboeke, katalogusse en tydskrifte, foto's, skyfies, DVD's, ensovoorts ontwikkel en gebruik om waardevolle onderrig en leerondersteuningsmateriaal vir die praktiese vaardighede vereis deur die KABV te voorsien.
- Alle onderwysers word aangemoedig om hulpbronne te deel en te ontwikkel in groepe of klusters – sodoende word die inligting gedeel en die werkslading verdeel.

HOOFSTUK 5: VOORBEELDVRAE EN NASIENRIGLYNE

5.1 Inligting oor Vraestel 1

- Die vraestel bestaan uit AGT vrae. (Een vraag oor elk van die agt temas.)
- Leerders moet ENIGE VYF vrae beantwoord.
- Vrae verskyn op die linkerkantse bladsye, met visuele bronne op die regterkantse bladsye.
- Alle vrae moet in opstelstyl beantwoord word met volsinne en paragrawe volgens die instruksies van elke vraag. Lyste van feite sal streng gepenaliseer word.
- Vrae kan 'n 20 punt-opstel wees, of onderverdeel word vir 'n totaal van 20 punte.
- Elke vraag sal 'n visuele geletterdheidsdeel hê van sogenaamde 'ongesiene' kunswerke, asook 'n gedeelte oor kunstenaars/argitekte wat leerders bestudeer het.
- 'n Gids vir die lengte van antwoorde: 10 punte is ten minste 1 bladsy.

5.2 Wenke om Vraestel 1 te beantwoord

- Leer leerders hoe om 'n vraag te benader. Hulle moet seker maak of hulle byvoorbeeld gevra word om te bespreek, te vergelyk of te ontleed en verseker dat hulle voldoen aan die instruksies. Hulle moet die woordelys gebruik om te verseker dat hulle die betekenis van die instruksies verstaan.
- Leer leerders om die vrae aandagtig deur te lees en sien hoe hulle beperk word, byvoorbeeld óf hulle twee spesifieke werke van 'n kunstenaar moet bespreek óf die werk van enige twee kunstenaars moet bespreek.
- Leer leerders om spesifiek te wees en nie persoonlike oordele te maak wat nie met redes geregverdig kan word nie.
- Maak seker dat leerders die formele kunselemente en ontwerpbeginsels goed ken en dit kan toepas.
- Hulle moet die korrekte kunsterminologie gebruik.
- Aangaande 'ongesiene' kunswerke waar hulle visuele geletterdsheidsvaardighede moet gebruik:
 - Leerders moet die onderskrifte goed bestudeer – dit gee die naam van die kunstenaar, titel van die werk, datum en medium. Dit kan alles as **leidrade** dien.
 - Bv. die medium is belangrik – is dit 'n beeldhouwerk, skildery of tekening? Leerders gaan nie die agtergrond van 'n beeldhouwerk bespreek nie. As dit bv. 'n skildery is, kan hulle oor die styl, kwashale, ensovoorts skryf.
 - Leerders moet sorgvuldig lees wat hulle moet bespreek en daarvoor skryf – dit help nie om kleur te bespreek en komposisie word geïgnoreer nie (afhangend van wat gevra word). Alhoewel die kolpunte dikwels gebruik word om leerders se antwoord te lei, moet hulle op 'n holistiese manier antwoord.
 - Hulle moenie obskuur raak nie - 'n klein vertikale lyn in die agtergrond dra nie krag en sterkte oor nie, maar konsentreer op die hoofelemente.
 - Betekenis/interpretasie – pasop vir stories wat nie verband hou met die werk nie. Die tema van die vraag is hier om hulle te help, bv. handel dit oor bv. geslagskwessies; dan kan hulle hul kennis daarvoor toepas op die spesifieke werk. Hulle moet ook oppas vir 'preke' oor sosiale kwessies of godsdienste wat nie met die werk verband het nie – vroue is slawe, ensovoorts

5.3 Voorbeeldvrae

Die volgende is 'n keuse van voorbeeldvrae en verteenwoordig nie 'n hele vraestel nie.

VRAAG 1

Musiek het 'n belangrike rol in township-lewe vervul en musikante is dikwels uitgebeeld deur swart kunstenaars soos Fikile Magadlela en Ephraim Ngatane.

1.1 Skryf 'n kritiese analise (ongeveer EEN bladsy) waarin jy die werke van Magadlela (FIGUUR 1a) en Ngatane (FIGUUR 1b) bespreek deur na die volgende te verwys:

- Komposisie en fokuspunte
- Formele kunselemente soos lyn, vorm en kleur
- Styl en tegniek
- Die uitbeelding van musiek/musikante
- Moontlike betekenis en boodskappe van elke werk
- Enige ander verskille en/of ooreenkomste (10)

1.2 Bespreek die kunswerke van enige TWEE kunstenaars wat jy bestudeer het, wie se werk(e) groot visuele impak het in die vasvang van 'n gevoel van die tydperk waarin hulle geleef het. (10)
[20]



FIGUUR 1a: Fikile Magadlela, *Melodieuse Reis deur die Kosmos*, kryt en houtskool op papier, 1974.



FIGUUR 1b: Ephraim Ngatane, *Musikante*, waterverf op papier, geen datum.

VRAAG 6: POST-1994 DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA

Kunstenaars gebruik dikwels portrette om te wys wat in die gees aangaan en om stellings oor identiteit te maak.

6.1 Bespreek hoe die kunswerke in FIGUUR 6a–6c die tradisionele portret verander het, deur na die volgende te verwys:

- Visuele voorkoms
- Gebruik van visuele beelde en simboliek
- Styl en tegniek
- Moontlike stellings oor identiteit

(10)

6.2 Bespreek die werk van enige TWEE kunstenaars wat jy bestudeer het wat ook identiteit bevraagteken en daaroor reflekteer. Verwys na spesifieke kunswerke in jou antwoord. (10)

[20]

FIGUUR 6a: Yumiko Utsu, *Seekat-portret*, C-tipe druk, 2009.



FIGUUR 6b: Barbara Kruger, *Jy is nie Jouself nie*, fotocollage, 1984.



FIGUUR 6c: Wangechi Mutu, *Madame Repeateat*, ink, spuitverf en collage, 2010.

5.4 Nasieningsriglyne

- Die merker behoort die vraestel sorgvuldig te lees en sleutelinstruksies in vrae te onderstreep/omkring voor nasien begin.
- Gebruik die memorandum as 'n gids, maar dit is BAIE BELANGRIK dat voorsiening gemaak word vir die leerder in baie gevalle:
 - Leerders moet krediet kry vir die gee van hul eie menings en idees in antwoorde.
 - Krediet moet ook aan laterale denke gegee word.
 - Dit is ook belangrik dat argumente en stellings goed beredeneer en gemotiveer word deur verwysings na spesifieke faktore.
- Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.
- Inligting en kunswerke bespreek in een antwoord mag nie krediet kry as dit in ander antwoorde herhaal word nie, maar kruisverwysings tussen kunswerke is toelaatbaar.
- Leerders moet die naam van die kunstenaar en die titel van elke kunswerk noem, waar van toepassing.
- Leerders moet alle vrae in VOLSINNE of PARAGRAWE beantwoord volgens die vereistes van elke vraag. Puntsgewyse antwoorde sal nie volpunte behaal nie.
- Krediet moet gegee word aan deurdagte, kreatiewe en persoonlike antwoorde. Daar moet gekyk word vir 'n ingeligte persoonlike dialoog, eerder as 'n 'akademiese uitstroming' van inligting, geneem uit notas.
- ***Onthou dat baie leerders hierdie voorbeelde sal bespreek, terwyl hulle dit nog nooit gesien het nie. Nasieners kan daarom nie feitelike, akademiese inligting verwag nie. Hulle moet neem uit hul eie ervarings, kulture en interpretasies van die kunswerke, binne die konteks van die vraag. Daarom moet nasieners onbevooroordeeld en buigbaar wees in die nasienproses.***
- Die belangrikste riglyn is om leerders te beloon vir hulle kennis, vaardighede en hul vermoë om met insig kunswerke te interpreteer in 'n historiese konteks op die vlak van 18/19-jarige.
- Nasieners word aangemoedig om leerders te beloon vir wat hulle weet, eerder as om hulle te straf vir wat hulle nie weet nie.

HOOFSTUK 6: SLOT

Dit word in die vooruitsig gestel dat hierdie Eksamenriglyne-dokument as 'n instrument sal dien om onderwysers te versterk en te bemagtig om geldige en betroubare assesseringsitems in al hul klaskameraktiwiteite op te stel.

Hierdie Eksamenriglyne-dokument is bedoel om die assesseringsaspirasies wat in die KABV-dokument voorgestaan word, te verwoord. Dit is derhalwe nie 'n plaasvervanger van die KABV-dokument, wat onderwysers vir onderrig moet gebruik, nie.

Kwalitatiewe kurrikulum-dekking, soos uiteengesit in die KABV, kan nie oorbeklemtoon word nie.